higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 3

(5030083)

21 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die teken wat daarop wys dat 'n persoon 'n bepaalde siekte het:

A Simptome
B Infeksies
C Aansteeklikheid
D Konvulsies (stuipe)

1.1.2 'n Siekte wat op groot skaal in 'n bepaalde geografiese gebied voorkom:

A Allergeen
B Endemies
C Salmonella
D Patogeen

1.1.3 Die tydperk vandat 'n siektedraende organisme die liggaam binnedring totdat die simptome duidelik word:

A Oordragmetode
B Kieme
C Inkubasietydperk
D Koors

1.1.4 'n Deurskynende vloeistof wat witbloedselle bevat:

A Speeksel
B Mikrobes
C Selle
D Limf

1.1.5 'n Organisme wat dood of siekte kan veroorsaak:

A Patogeen
B Patologie
C Polio
D Longontsteking (pneumonie)

1.1.6 Dit is 'n faktor in die meeste kindermishandelingsake:

A Geskeide ouers
B Geweld
C Enkelouerskap
D Armoede

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Die afkorting NKKR (*NCRC*) staan vir ...

A Nasionale Komitee vir Kinderregte.
B Nasionale Kommissie vir Kinderregulering.
C Nasionale Kollege vir Kinderrade.
D Nasionale Konferensie vir Kinderregte.

1.1.8 Watter van die volgende voedselsoorte bevat die meeste vesel?

A Hoender
B Wit rys
C Lensies
D Kaas

1.1.9 'n Stof wat die liggaam nodig het om behoorlik te kan funksioneer:

A Voedingstof
B Kalorie
C Suur
D Drankie

1.1.10 Koffie kan as ... beskou word.

A vitamienryk
B 'n gesonde drankie
C 'n nievoedsel
D 'n plaasvervanger vir water

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die woorde, wat in die lys hier onder voorsien word, te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

etiese regte; kindervoorspraak; fetusregte; meerkulturele etiese standaarde; wetgewende maatstawwe; au pair; kinderverwaarlosing; skeidingsangs; genetika; koolhidrate; proteïen; vitamine E; lyfstraf; vitamine D

1.2.1 ... is 'n vorm van dissipline wat nie in Suid-Afrikaanse skole toegelaat word nie.

1.2.2 ... is 'n stel beginsels wat 'n bepaalde beroep beheers.

1.2.3 Die wetlike of etiese regte van 'n ongebore baba word ... genoem.

1.2.4 Groepe wie se oogmerk dit is om kinderregte te beskerm, staan as ... bekend.

1.2.5 ... word ondervind wanneer 'n kind aan hul versorger vasklou en nie na onbekende mense wil gaan nie.

1.2.6 ... dae kan kinders help om diversiteit te verstaan.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 ... kan ook as 'n energievoedsel geklassifiseer word.

1.2.8 Geel en groen groente is ryk aan vitamin ...

1.2.9 ... kan 'n faktor van obesiteit (vetsug) by kinders wees.

1.2.10 ... word merendeels in peulgroente en vleis aangetref.

(10 × 1) (10)
[20]

VRAAG 2

Kies 'n item/woord uit KOLOM A wat by 'n beskrywing in KOLOM B pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Waterpokkies	A	'n gesweet, hoë koors en vomering
2.2	Duitse masels	B	'n ooretery en opgooiery
2.3	Malaria	C	klein, jeukerige, blaasagtige kolle op die gesig en liggaam
2.4	Pampoentjies	D	voeg growwigheid by ons dieet
2.5	Skarlakenkoors	E	'n pienk of ligrooi uitslag wat op die gesig begin
2.6	Water	F	korrelrige stoelgange
2.7	Hardlywigheid	G	bloed
2.8	Allergieë	H	spoel gifstowwe uit die liggaam
2.9	Bulimia nervosa	I	'n ernstige reaksie op bepaalde voedselsoorte
2.10	Vesel	J	'n helderrooi uitslag en wit kolletjies op die tong
		K	opgeswelde kliere

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in jou ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer die stelling as dit ONWAAR is.

3.1 MIV beïnvloed nie klein kinders nie aangesien hulle nie seksueel aktief is nie.

3.2 'n Vetsugtige kind kan nie ondervoed wees nie.

3.3 Kinders van minstens 12 maande oud kan geleer word om die toilet te gebruik.

3.4 Om hande gereeld te was, is die effektiefste manier om die verspreiding van siekte te bekamp.

3.5 Jeuksiekte ('Scabies') het betrekking op nete wat aan die haarsakkies heg.

3.6 'n Goeie versorger-tot-kind-verhouding in dagsorg is 1:6 vir babas.

3.7 'n Kind kan selfs in 'n paar sentimeter water verdrink.

3.8 'n Kreatiewe idee in die fantasiehoekie is om gekleurde lekkers in medisynebottels te sit sodat kinders dokter en pasiënt kan speel.

3.9 Wat nasionale wetgewing betref, moet dagsorgsentrums 'n maksimum buitespeelterrein van 2 m^2 per kind hê.

3.10 Sorgvuldige toesighouding is een van die beste maniere om te keer dat ongelukke in die dagsorgsentrum plaasvind.

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL VIR AFDELING A: 50

NCV

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Definieer die term *universele voorsorgmaatreëls*. (2)

4.2 Gemeenskappe speel 'n belangrike rol in die lewe van kinders.

Verduidelik hierdie stelling. (4)

4.3 Lees die volgende scenario's en identifiseer die soort gesin wat in elke scenario uitgebeeld word:

4.3.1 Mev Smith bly saam met haar man en kinders, maar haar ouers het ook onlangs by hulle kom bly.

4.3.2 Martin en sy ma bly alleen omdat sy pa hul huis verlaat het.

4.3.3 Kumalo bly by sy ma, pa en suster.

4.3.4 Pat bly by albei haar ouers, maar in hul gesin neem slegs haar pa al die besluite.

4.3.5 Anita is uiters hartseer omdat sy na haar susters en broers moet omsien nadat albei hul ouers oorlede is.

4.3.6 Mev Ntalo, die ma, neem al die belangrike besluite in die huis en delegeer pligte aan die ander gesinslede.

4.3.7 Max is 'n baie gelukkige seun, al is albei sy ouers vroue.

4.3.8 Fred se ouers is geskei en sy ma het weer getrou.

(8 × 1) (8)

4.4 Gee TWEE voorbeelde van elkeen van die volgende spesiale behoeftes:

4.4.1 Kinders met emosionele behoeftes

4.4.2 Kinders met intellektuele behoeftes

4.4.3 Kinders met liggaamlike behoeftes

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

4.5 Bestudeer die prentjies hier onder en identifiseer die soorte kindersiektes.



(5 × 1) (5)

[25]

VRAAG 5

5.1 Noem AGT faktore wat 'n kind se welstand op 'n negatiewe manier kan beïnvloed. (8)

5.2.1 Verduidelik kortliks waarom die media so 'n uiters groot invloed op gesondheid en voeding het. (2)

5.2.2 Noem enige TWEE soorte media waarna daar in VRAAG 5.2.1 verwys word. (2)

5.3 Stel VYF idees voor aan ouers om hulle te help om etenstye prettig te maak vir kinders wat vol fiemies oor kos is. (5)

5.4 Noem VYF soorte inligting oor 'n kind se ontwikkeling wat op 'n kind se Pad na Gesondheid-kaart opgeteken word. (5)

5.5 Gee DRIE redes dat dit belangrik is dat babas geïmmuniseer moet word. (3)

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Verduidelik hoe jy ouers omtrent veiligheid sou inlig wanneer hulle speelgoed vir hul kleuters wil koop. (4)

6.2 Noem VIER professionele persone wat hulp kan verleen aan 'n kind in 'n mishandelingsituasie. (4)

6.3 Noem TIEN punte wat by 'n VKO-praktisyn se gedragskode ingesluit kan word. (10)

6.4 Verduidelik waarom moeders verkies om vandag weggooibare doeke te gebruik. (2 × 2) (4)

6.5 Noem DRIE maniere, buiten die gesinstruktuur, waarop gesinne van mekaar kan verskil. (3)

[25]

VRAAG 7

7.1 Noem VYF minimum vereistes vir 'n dagsorgsentrum se binnenshuise area. (5)

7.2 7.2.1 Omskryf die term *emosionele mishandeling*. (3)

7.2.2 Gee DRIE voorbeelde van stellings wat jy teenoor 'n kind kan maak wat as emosionele mishandeling geklassifiseer kan word. (3)

7.3 'n Kind in jou groep het MIV.

Bespreek VIER maniere waarop jy ondersteuning aan hierdie kind kan bied. (4 × 2) (8)

7.4 Bestudeer die skets hier onder en identifiseer SES gevaarlike situasies vir klein kinders.



(6)

[25]

VRAAG 8

8.1 Noem DRIE metodes waarvolgens bababottels gesteriliseer kan word. (3)

8.2 Noem SES siektes wat op die immuniseringsprogram verskyn waarteen kinders van geboorte tot ses jaar ingeënt moet word. (6)

8.3 Wanvoeding kan 'n ernstige mediese toestand tot gevolg hê.

Verduidelik die uitwerking wat wanvoeding op 'n klein kind kan hê. (5)

8.4 Noem en verduidelik die DRIE basiese behoeftes van 'n kind wat deur die ouers bevredig moet word. (3 × 2) (6)

8.5 Identifiseer VYF huishoudelike chemikalieë wat as gevaarlik vir kinders beskou kan word. (5)

[25]

VRAAG 9

9.1 Noem SES stappe wat gevolg moet word wanneer iemand bewusteloos is. (6)

9.2 Verduidelik waarom dit besonder gevaarlik vir klein kinders is om in 'n plakkerskamp of informele nedersetting groot te word. (4 × 2) (8)

9.3 Noem die DRIE voedselgroepe en gee 'n voorbeeld van die voedsel in elke groep. (3 × 2) (6)

9.4 Noem VYF omgewings waarin kinders versorg kan word. (5)

[25]

TOTAAL VIR AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou